


**November 2019** # BULLETIN **November 2019**

www.u3astilbaai.org

info@u3astilbaai.org

## MONTHLY MEETING

Monday, 25 November 2019 @ 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai West.

### LEONARDO DA VINCI

**Louis Hiemstra**

Five hundred years ago one of the most remarkable men the world has ever known, died at the age of 67. Leonardo di ser Piero da Vinci had no formal training, but was one of the most diversely talented individuals who ever lived. His areas of interest included art, architecture, science, music, mathematics, engineering, anatomy, geology, astronomy, botany and paleontology.

Leonardo is considered one of the greatest painters of all times, despite the fact that perhaps only 15 of his paintings have survived.

Dr Louis Hiemstra was a medical practioner in Pretoria and later a senior lecturer and associate professor at the School of Medicine, University of the Orange Free State for 25 years. He retired in 2008 and now lives in Fisantekraal.

Louis originally practiced art as a hobby, first as a cartoonist and later adding more formal painting to his skills. Today he is well-known in artistic circles for his water colours, but he also paints in oils and acrylics.

### LEONARDO DA VINCI

**Louis Hiemstra**

Vyf honderd jaar gelede sterf een van die merkwaardigste mense wat nog ooit geleef het op 67-jarige ouderdom. Leonardo di ser Piero da Vinci het geen formele opleiding gehad nie, maar was een van die mees diverse talentvolle individuê wat nog ooit geleef het. Sy areas van belangstelling sluit in kuns, argitektuur, wetenskap, musiek, wiskunde, ingenierswese, anatomie, geologie, astronomie, plantkunde en paleontologie.

Leonardo word beskou as een van die beste skildenaars van alle tye, ten spyte dat moontlik net 15 van sy skilderye nog bestaan.

Dr Louis Hiemstra was 'n mediese praktisyn in Pretoria en later 'n senior lektor en medeprofessor aan die Mediese Skool, Universiteit van die Oranje Vrystaat vir 25 jaar. Hy tree in 2008 af en woon nou in Fisantekraal.

Louis het oorspronklik kuns as stokperdjie beoefen, eers as 'n spotprenttekenaar, maar later het hy meer formele skildervaardighede begin toevoeg. Vandag is Louis bekend vir veral sy waterverfkuns, maar hy gebruik ook olie en akriel as medium.

The presentation is in Afrikaans, the slides will mostly be in English.

## DIT EN DAT...

Phil Scheffer se vertelling van die ontstaan en aard van jazz, wat aangevul is deur Henning Joubert se uitmuntende kitaarspel, het die gehoor geboei. Dit was 'n baie aangename manier om die week te begin.

'n Groot aantal lede wie se lidmaatskap einde September verval het, het skielik wakker geword en in die afgelope maand het byna 70 hul ledegelde betaal; onder dié was daar ook 'n aantal nuwe lede. Op 22 Oktober is daar 11 betalings in ons bankrekening gemaak vir ledegelde, meeste het hul name gebruik as die verwysing en dit was maklik om die betalings te kontroleer; ongelukkig het een person wat R30 inbetaal het, die verwysing as U3A Stilbaai gegee, ons het ook geen epos ter bevestiging van hierdie betaling ontvang nie, en het dus geen idee wie die betaling gemaak het nie.

Twee nuwe lede het in die afgelope paar dae aangesluit, maar ons het geen kontakdetails vir hulle nie. Hulle het hul ledegelde in die bank inbetaal, maar ons het geen eposse van die persone ontvang om hul kontak details te bevestig nie. Hulle kan dus nie hierdie nuusbulletin kry nie, maar as iemand enige van hulle ken, vra hulle tog om ons 'n epos te stuur na *info@u3astilbaai.org*. Die twee nuwe lede is Maria van Rensburg en Annette Haupt.

To summarise, please help us trace the following persons:

1. Mystery person who paid R30 into our bank account on 22 October using "U3A Stilbaai" as reference.
2. Maria van Rensburg who paid membership fee on 8 November but did not send in her contact details.
3. Annette Haupt who paid membership fee on 11 November, but left no contact details.

Coould any of these persons please email us at *info@u3astilbaai.org*.

## U3A STILBAAI KURSUSSE

- **Voël identifikasie vir beginners** : Die eerste twee kursusse vir 2020 is vol bespreek, daar is nog plek op die derde 2020 kursus. Kontak vir Johan by *rooyenvanjohan@gmail.com*. Meer inligting oor die kursusse is beskikbaar op ons webtuiste: *www.u3astilbaai.org/birdgroup*.
- **Advanced Bird Group Courses.**

  **Short course about the pipits and larks of Hessequa.** This was presented during the Bird Group's meeting of 29 October 2019 and will be presented again if necessary. Persons interested in a 60-90 minute course can contact Johan van Rooyen at *rooyenvanjohan@gmail.com*. It will be presented as soon as 5 or more people are interested.

  **Short course about the swallows and swifts of Hessequa. F**irst presentation is planned for the Bird Group meeting on 17 March 2020.

  **Short course about the cisticola's and warblers of Hessequa.** First presentation is planned for the Bird Group meeting of 14 July 2020.

## U3A STILBAAI GROUPS

Please note that Group activities are for members only. The following group activities are taking place:

- **Astronomy Group**: The Astronomy Group is doing quite well, their stargazing outings are dependent on weather conditions. Contact Deon at *begemannd@gmail.com* if you are interested.
- **Bird Group** : The group has three meetings a year, each with an interesting programme, but also offers regular bird-watching outings. Contact Krysia at *krysiasolman@gmail.com* if you are interested in joining the group; more contacts and information are on on *www.u3astilbaai.org/birdgroup*.
- **Hiking Groups :** The group hikes every Friday morning. Contact Dalene at *daleneo59@gmail.com.*
- **Neuroscience Group** : The Neuroscience Group meets the third Wednesday of each month at 14h00 in Die Waenhuis. Please contact Jenni at *jennisharkey@gmail.com* for more information.
- **Photography Group** : The group meets every second Monday of the month at 18h00 in Die Waenhuis. Any member interested can contact Lawrence at *barltrop@vodamail.co.za.*
- **Shares Group** : The group is mostly in contact via email, but meets occasionally. Contact Christo at *christoprins208@gmail.com.*

## U3A UITSTAPPIES

Die **Leer Stilbaai Ken** uitstappies sal dalk uitgestel moet word tot volgende jaar weens die vele ander verpligtinge wat hierdie tyd van die jaar opduik. Ons sal julle op hoogte hou.

Die **Historiese Bergpasse** uitstappie wat vir 11 November beplan is, moes ons kanseller weens swak weer. Ons hoop dat die 27 November uitstappie nog sal voortgaan. Weens die groot belangstelling sal ons weer volgende jaar die uitstappie aanbied; ons sal later kyk na geskikte datums in herfs of vroeë winter.

Alle uitstappies is slegs vir lede van U3A.

## KOMENDE PRAATJIES ...

Die program vir komende maandelikse vergaderings is hieronder; neem asseblief kennis dat sprekers en die onderwerp op kort kennisgewing mag verander as gevolg van onvoorsiene omstandighede.

| | |
|---|---|
| 27 Januarie 2020: | Mike Steytler - Amputasie: Sielkundige en fisiese voorbereiding en gevolge. |
| 24 Februarie 2020: | Oliver Iltisberger praat oor die "Smart Future" |
| 30 Maart 2020: | Herman du Toit praat oor Tale en vertalings. |
| 27 April 2020: | Pieter du Toit vertel van 'n reis in Tibet. |
| 25 Mei 2020: | Niel van Wyk gee 'n voorlegging oor Stilbaai se duine dilemma. |

---oooOOOooo---

***U3A Stilbaai** improves the quality of life of people of mature age, especially retirees, and encourages the maintenance of intellectual capacity through stimulating programmes of learning and teaching and the social contacts derived therefrom.*

***U3A Stilbaai** verbeter die lewens-kwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.*